# Boekbespreking

**Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, Agtiende jaargang, deel II.** Die Staatsdrukker, 1955.

Net soos in die tweede deel van die sewentiende jaargang van bogenoemde *Jaarboek*, het die Redaksie ook in hierdie een 'n paar korter studies (vier in getal) opgeneem. Onder die vier studies, waaraan elkeen 'n kort woord hieronder gewy word, is die eerste een seker die belangrikste, veral omdat dit iets heeltemal nuuts in ons geskiedskrywing is. Hierdie studie is dié van Norman H. Mackenzie: **South African Travel Literature in the Seventeenth Century.**

Ou reisbeskrywings met betrekking tot Suid-Afrika is wel al deur baie navorsers gebruik maar sover ek weet het niemand nog ooit daaraan gedink om 'n doelbewuste studie van hierdie werke as sodanig te maak en die literêre betekenis daarvan te ontleed nie. Dit is wat Mackenzie juis in hierdie werk wil doen en vir die doel het hy besonder wyd nagevors aangaande die reisbeskrywings van die sewentiende eeu. In sy ontleding toon die skrywer 'n ontsettende bekwaamheid ten opsigte van literêre beoordeling. Hoewel die nadruk op die literêre betekenis van die werke val, is Mackenzie se werk ook van groot belang vir die historikus en volkekundige. Wat veral waardevol is, is die toetsing van die betroubaarheid van hierdie reisbeskrywings deur dit met ander kontemporêre werke te vergelyk sowel as die uitgebreide bibliografie aan die einde van die werk waarin die skrywer 'n bykans, indien nie heeltemal nie, volledige lys van reisverhale noem wat in verskillende tale gepubliseer is. Al hierdie werke handel oor reise wat tot 1700 suid van die Zambezi onderneem en beskrywe is.

Die werk lees vlot, is in 'n besonder goeie taal en styl geskrywe terwyl die tegniese versorging daarvan niks te wense oorlaat nie. Navorsers in Suid-Afrika sal 'n voortsetting van hierdie werk van harte verwelkom.

Die tweede studie is dié van M. C. van Zyl, getiteld **Luitenant-Goewerneur Martin West en die Natalse Voortrekkers, 1845-1849,** wat as 'n M.A.-verhandeling aan die Universiteit van Pretoria ingedien is. Van Zyl het hom hier ten doel gestel om die lotgevalle van die Trekkers, wat na die instelling van Britse bestuur in 1845, nog in Natal agtergebly het en hulle verhouding met luitenant-goewerneur West te ondersoek „om die geskiedenis van die Voortrekkers in Natal af te rond." Hoewel die terrein wat hy hier dek uit die werke van ander skrywers goed bekend is, is ten opsigte van hierdie periode nog geen intensiewe navorsingswerk gedoen, soos Van Zyl hier onderneem het nie. Daarin is dan ook die groot waarde van die werk van Van Zyl geleë en, hoewel mens nou nie altyd in 'n M.A.-verhandeling 'n definitiewe positiewe bydrae tot die geskiedskrywing verwag nie, het die skrywer hier beslis ons kennis aangaande die geskiedenis van die Voortrek aangevul. Vanweë die kort tydperk wat hy onder bestudering gehad het, was dit vir hom moontlik om diep in te dring en gee hy 'n goeie ontleding van die redes waarom die Trekkers veral in 1847 en 1848 weer uit Natal getrek het. Hierdie redes is nou vir die eerste keer nagevors en blootgelê. Behalwe enkele kleinere punte van kritiek wat teen die werk ingebring kan word, kan dit oor die algemeen van harte aanbeveel word. Die taal en styl sowel as tegniese afwerking is goed versorg en oor die algemeen is

oordeelkundige gebruik van bronne gemaak.

H. W. Grimsehl se **Onluste in Modjadjiland, 1890-1894,** ook oorspronklik 'n M.A.-verhandeling aan die Universiteit van Pretoria ingedien, vorm die derde studie in die **Jaarboek.** Ook hierdie skrywer betree hier 'n terrein waaroor nog geen diepgaande navorsing gedoen is nie. Dit handel hoofsaaklik oor die stryd tussen Modjadji en die Z.A.R. wat uiteindelik op die onderwerping van eersgenoemde uitgeloop het. Vanweë die beperktheid van die onderwerp kon ook hierdie skrywer intensief navors en is die resultaat van sy navorsing 'n werk wat getuig van noukeurige bronnestudie, bekwaamheid en skrywerstalent. Ongelukkig is daar sekere dele waar sekondêre bronne te slaafs nagevolg word. Vir ons kennis van die verhouding tussen die Z.A.R. en die verskillende naturellestamme is die werk egter van groot betekenis.

Die laaste bydrae is dié van Ir. C. Koeman: **Landgiften uit de eerste helft van de XVIIIe Eeuw op een Manuscriptkaart uit het Archief der V.O.C.** Koeman is in Suid-Afrika geen onbekende nie. Gedurende 1952 het hy 'n reis deur Suid-Afrika onderneem en op verskillende plekke lesings gehou oor ou kaarte in verband met die geskiedenis van die Kaapkolonie onder Kompanjiesbewind. Hierdie kaarte het hy in 1950 in die Argief van die Topografiese Diens in Delft ontdek. Die waarde van hierdie ontdekking vir Suid-Afrika kan nie oorbeklemtoon word nie. In 1952 het Koeman sommige van hierdie kaarte ook vir ons in Suid-Afrika toeganklik gemaak deur die publikasie van sy **Tabulae geographicae coloniae bonae spei (Achttiende-eeuwsche kartographie van de Kaapkolonie).** In de **Argief-Jaarboek** gee hy nou weer 'n reproduksie van 'n belangrike kaart met 'n noukeurige ontleding daarby, gegrond op 'n deeglike studie en gevolg deur heel interessante gevolgtrekkinge. Hierdie werk, sowel as dié wat alreeds deur Koeman gedoen is en dit wat ons nog van hom in dié verband verwag, open 'n heeltemal nuwe studieveld vir Suid-Afrikaanse navorsers.

J. S. DU PLESSIS.

---

**William J. Schnell:** Thirty Years a Watch Tower Slave; Baker Book house, Grand Rapids 6, Michigan 1956; 207 blss.; Prys 2.95 dollar.

Toe William Schnell 'n jong man was, het hy verseil geraak in die oktopus-arms van die wêreldwye Wagtoring-organisasie. Na dertig jaar waarin hy self van die hoogste poste daarin beklee het, honderde bekeerlinge gedoop en tientalle nuwe gemeentes gestig het, kom hy na 'n vreeslike nag van worsteling tot insig en verlaat die Wagtoringorganisasie. Daarna skrywe hy sy belydenisse. Hierdie boek lees plek-plek soos 'n spanningsroman. Dit verhaal van die „brain wash"-metode van die Wagtoring-propaganda, dit wil sê, die propaganda word stelselmatig so ingeklee dat dit die ou waardes van die Christendom uit die mense se verstand wegwas en nuwe waardes in die plek daarvan stel. Dit vertel van die sluwe diplomasie en intriges in die hoogste kringe van die organisasie. Dit stel die ketterye van die Wagtoring bloot, bv. dat hul die Drie-eenheid loën, die godheid van Christus verwerp, die liggaamlike opstanding en wederkoms van Christus nie aanvaar nie. Merkwaardig is die gebrek aan bitterheid by die skrywer nadat hy dertig jaar in hierdie wagtoring „opgesluit" was. Dit is 'n merkwaardige boek, en veral predikante, studente in die Teologie en evangelisasiewerkers behoort dit te besit en te lees.

Die uitgewers het netjiese werk gedoen.

P.W.B.